

## 2 Junie

**Skrifgedeelte: Jesaja 61:1-11**

**Fokusgedeelte: Jesaja 61:7 (1953-Vertaling)**

**Wat is (en bepaal) jou vreugde in die lewe?**

In Jesaja 61:7 (1953-Vertaling) word gesê dat hulle wat aan die Here behoort, jubel oor hulle deel. Om te jubel is om van blydschap uit te roep, te sing, op te spring en jou vreugde aan ander te wys. Wat is dit waaroor Jesaja praat wat hierdie vreugde in gelowiges se lewens veroorsaak?

In Jesaja 56-59 is gewys op die verkeerdhede wat daar in die wêreld is. Buiten ongeregtigheid, geweldpleging, misdaad, ander se bose planne en algemene onvrede in hierdie bedeling, is daar die skokkende erkenning gemaak dat niemand sonder sonde en oortredings is nie. Alle mense is stukkend en is deel van 'n stukkende wêreld.

Nou, in 'n stukkende wêreld is stukkendheid die norm. Stukkendheid is ons deel en daarom ervaar en beleef ons stukkendheid elke dag. Stukkendheid maak ons seer, maak ons hartseer. Ons smag na heling. Daarom, hoe kan ons van hierdie stukkendheid verlos word?

Jesaja 59:17 gee die antwoord: God self sal intree. In Jesaja 60 word beskryf wat die effek sal wees wanneer God intree. Jesaja 61:1-3 beskryf Wie dit is wat hierdie Goddelike heling sal bring.

In Lukas 4:17-21 wys Jesus daarop dat Hy die vervulling van hierdie teks is. Hy is God self wat intree in hierdie stukkende wêreld en moedeloses opbeur, vrylating vir gevangenes aankondig, sy vyande straf maar almal wat treur vertroos. Hulle wat in hierdie stukkende wêreld hierdie boodskap hoor, hulle jubel, want hulle weet hierdie verlossing is hulle deel.

Laat hierdie wete van verlossing/heling deur Christus jou ook elke dag jubel en met ander oë na hierdie (stukkende) wêreld kyk?

*Psalm 119:6, 7 (1936)*

*Dr JA Erasmus (Odendaalsrus)*